

# U3A STILBAAI

---

## DIT EN DAT 26 Julie 2020

---

### BELANGRIKE VERSOEK.

Ons oorweeg dit om maandeliks praatjies met Zoom aan te bied, en wil graag weet hoeveel van ons lede daaraan sal deelneem. Kan u asseblief so spoedig moontlik per epos vir ons laat weet of u sal deelneem aan Zoom praatjies?

[Klik hier om ons 'n epos te stuur.](#)

### Wees tog versigtig

Die jongste statistiek vir Covid-19 gevalle in Hessequa wys 'n groot toename die afgelope aantal dae. Maandag 20 Julie was daar 85 gevalle, op Vrydag 24 Julie was dit 115, 'n toename van meer as 35%. Die krisis is nog nie verby nie.

Tot op datum is 7 gevalle in Stilbaai waargeneem en 5 in Melkhoutfontein.

### U3A Stilbaai se finansies

In vorige jare het ons finansiële jaar op 30 Junie geëindig en ons het einde Julie verslag gedoen aan ons lede oor ons finansies. Maar nou dat ons jaareinde geskuif het, sal ons eers na 31 Desember 2020 verslag doen oor ons inkomstes en uitgawes.

Van ons lede het hul kommer oor U3A Stilbaai se finansiële situasie tydens inperking uitgespreek, maar ons kan u verseker dat ons steeds in 'n baie gesonde posisie is. Ons hoof inkomste elke jaar is ons ledegelde, en teen Maart toe ons aktiwiteite moes staak, was feitlik al die ledegelde vir die jaar al betaal. Die inkomste van kursusgelde en die uitlotings is relatief min; ons gereelde uitgawes is hoofsaaklik bankkoste en die kostes vir die webtuiste.

Aan die einde van Junie 2020 was U3A Stilbaai se bates (geld in die bank en kontant) net meer as R16,000. Terwyl ons geen inkomste verwag tot einde Desember nie, is die verwagte uitgawes vir die volgende ses maande ongeveer R900. Lede hoef dus nie bekommerd te wees oor ons finansiële stand nie vir die res van hierdie jaar nie.

### Bly besig

Die **Voëlgroep** se Virtual Museum projek word goed deur ons lede ondersteun. Vir meer inligting oor deelname, en ook om die foto's te sien, gaan

## THIS AND THAT 26 July 2020

---

### IMPORTANT REQUEST.

We are considering presenting monthly talks with Zoom, and we would like to know how many members will participate. Can you please let us know as soon as possible by email if you will participate in Zoom talks?

[Click here to send us an email.](#)

### Please be careful

The latest statistics on Covid-19 cases in Hessequa show a large increase the last few days. On Monday 25 July there were 85 cases, on Friday 24 July this was 115, an increase of more than 35%. The crisis is not yet over.

To date 7 cases have been reported in Stilbaai, and 5 in Melkhoutfontein

### U3A Stilbaai's finances

In previous years our financial year ended on 30 June and at the end of July we reported on our finances to our members. But now that we have moved our year-end, we will only report on our income and expenditure after 31 December 2020.

Some of our members expressed their concern about U3A Stilbaai's finances during lockdown, but we can assure you that we are still in a very healthy position. Our main income annually is our membership fees, and by March when we had to cease operations, practically all membership fees for the year had been paid. The income from course fees and the raffle is relatively small; our regular expenses are mainly bank fees and the costs of the website.

At the end of June 2020 U3A Stilbaai had assets (money in the bank and cash) of just over R16,000. While we do not expect any income until the end of December, our expected expenditures for the next six months is about R900. Members need thus not be concerned about our financial position for the rest of this year.

### Keep busy

The **Bird Group's** Virtual Museum project is well supported by our members. For more information about how to participate, and to see the photos

na Projekte op die Voëlgroep seksie van ons [U3A Stilbaai webtuiste](#).

Die **Fotografie groep** het ook interessante foto-projekte waaraan lede kan deelneem. [Klik hier om Lawrence en Richard te kontak](#).

Die **Neuwetenskap groep** bly besig met skakels na interessante artikels of videos wat Jenni uitstuur. As u enige interessante voorstelle het, stuur hulle asseblief aan Jenni sodat sy dit aan al die lede in die groep kan versprei. [Klik hier om Jenni te kontak](#).

---

## STILBAAI GESKIEDENIS BROKKIES

Niel van Wyk

Ons sit ons reeks oor die geskiedenis van Stilbaai voort met die ontstaan van Stilbaai se naam.

---

### Die naam Stilbaai, ens

Wanneer en hoe die naam Stilbaai eers gebruik is, is nie bekend nie. In 1883 het landmeters nog verwys na "die mond van die Kafferkuilsrivier", maar in 1895 het die naam "Still Bay" in 'n skrywe van Siviele Kommissaris Osler aan die Landmeter-generaal verskyn. Die eerste kaart waarop die naam verskyn het was 'n diagram van landmeter Wilson Greathead in 1899, en teen 1912 is die naam skynbaar wyd aanvaar toe dit in 'n posgids verskyn het.

Later is die Afrikaanse benaming Stilbaai ook amptelik aanvaar, en vir baie jare lank was beide Engelse en Afrikaanse name in algemene gebruik. Dit is maar redelik onlangs dat die Afrikaanse Stilbaai aanvaar is as die amptelike naam in al Suid-Afrika se amptelike tale.

Terwyl ons name bespreek, hoeveel van julle weet wat Gouritsmond se amptelike naam eers was? Die amptelike naam was sedert 1914/15 "The Fisheries", maar die dorpie het ook plaaslik bekend gestaan as "Die Mond", "Gouritsriviermond" en "Gouritsmond." In 1966 is "Gouritsmond" per proklamasie verklaar as die dorpie se naam. Let wel dat die korrekte naam met 'n 's' gespel word, en nie met 'n 'z' nie.

### Die Brak

In ons vorige artikel verwys ons na die "Braak" in Stilbaai-Oos (soos in Helene Steyn se boek). Mike Steytler, as stigterslid van die Tuin-op-die-Brak het as volg daarop reageer:

*Toe ons destyds Munisipale toestemming gekry het om 'n tuin aldaar te vestig, op hierdie 1,5 hektaar onbenutte stuk grond, was een van ons eerste take om 'n NAAM vir hierdie voornemende park te skep. Uit ons geskiedkundige navorsing en daaropvolgende koerant-artikels met voorgestelde name, is besluit op "Die tuin op die BRAK."*

submitted, go to Projects on the Bird Group section of our [U3A Stilbaai website](#).

The Photography group also has interesting photo projects in which members can participate. [Click here to contact Lawrence and Richard](#).

The **Neuroscience group** are keeping busy with various links to interesting articles or videos that Jenni sends out. If you have any interesting suggestions, please send them to Jenni so that she can distribute them to the members of the group. [Click here to contact Jenni](#).

---

## STILBAAI HISTORY SNIPPETS

Niel van Wyk

We continue our series on the history of Stilbaai with the origin of Stilbaai's name.

---

### The Name Stilbaai, etc

When and how the name of Still Bay came into use has never been established. In 1883 surveyors still referred to it as "the mouth of the Kafferkuils River", but in 1895 the name "Still Bay" appeared in a dispatch from Civil Commissioner Osler to the Surveyor-General. The first map on which the name appeared was a diagram by surveyor Wilson Greathead in 1899, and by 1912 the name appeared to be universally accepted when it first appeared in a postal guide.

Later the Afrikaans name Stilbaai also came into official use, and for many years both English and Afrikaans names were in general use. In recent years the Afrikaans name Stilbaai has been accepted as the official name and the town is now known as Stilbaai in all South Africa's official languages.

While discussing names, how many of you know what Gouritsmond's official name first was? The official name was "The Fisheries" from 1914/15, but the village was also locally known as "Die Mond", "Gourits River Mouth" or "Gouritsmond." In 1966 "Gouritsmond" was accepted as the official name by proclamation. Please note that the correct spelling is with an 's', and not with a 'z'.

### The "Brak"

In our previous article we referred to the "Braak" in Stilbaai East (as also in Helene Steyn's book). Mike Steytler, as founding member of the Tuin-op-die-Brak, reacted as follows (apologies to Mike for the rather free translation):

*When we received municipal approval to establish a wildflower garden on this 1.5 ha unused land, one of our priorities was to determine a name for this park. From our historical research and subsequent newspaper articles with proposed names, we decided on the "Tuin-op-die-BRAK".*

*Hoekom? Want dié lappie aarde was deur daardietydse inwoners "Die Brak" genoem – omdat daar poele brak-water, in holtes, met 'n kleilaag sowat 1 meter onder die huidige oppervlak, 'n gewilde speelplek vir jongetjies was. Die klei is ook inderwaarheid destyds vandaar geneem om gebruik te word as dagha in die bou van huise uit sandsteen. Daar was heelwat navrae (o.a. vanaf Marie-Lou Roux) of die korrekte benaming nie BRAAK was nie – maar self sy deur ons (my) oortuig dat dit bekend gestaan het as "DIE BRAK".*

Terwyl ek met Mike saamstem dat die korrekte naam vandag Die Brak is, het van die ou mense tog in die verlede na die stuk grond verwys as die Braak, of dit ten minste met 'n lang "a" uitgespreek. My oupa, John van Wyk, se eerste vakansiehuis was aan die oostekant van die Brak teen die krans, en ek onthou dat hy gesê het die naam is die Braak omdat dit lyk soos 'n ongeploegde braakland. My pa, Kobus van Wyk, wat vir jare lid van die Afdelingsraad was en ook op die eerste Stilbaai Dorpsraad gedien het, het die gebruik van die uitspraak "braak" vanaf sy kinderjare bevestig.

Die Brak was oorspronklik baie laer as wat dit nou is, tydens veral hoë springgetye in Maart en September was dit onder water – ek onthou baie goed as kind dat ek in Oslerstraat tydens een Paasvakansie in enkeldiep water gestap het. Die Afdelingsraad het in die laat 1950's begin om sand wat op die parkeerarea agter die duin by Lappiesbaai gewaai het, op die Brak te dompel, en later het die bou van Hoofweg-Oos natuurlik die Brak totaal van die rivier afgesny. Dit is daarna verder opgevolg om stagnante poele water waar muskiete kon broei te voorkom.

#### **Bibliografie**

Briel, Rudi. 2002. *Albertinia: 100 jaar: 1902-2002*. Lourette. Erasmus, Carina. 1988. *Die Geskiedenis van Riversdal 1838-1900*. MA Geskiedenis verhandeling, UNISA.  
Steyn, Helene. 1983. *Still Bay*. [Eerste Engelse uitgawe, 1996; hersien en opdateer deur Helene Steyn en redigeer deur Marie-Lou Roux]. Stilbaai Munisipaliteit.  
Van Wyk, Frans. 1988. *Riversdal 1838-1988*. Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad.

*Why? The piece of ground was named "Die Brak" by early residents because of the pools of brackish water in hollows with a layer of clay about 1 meter below the present surface, it was also a popular playground for the young ones. The clay was indeed gathered and used as mortar for building houses with limestone. We had several enquiries (inter alia from Marie-Lou Roux) if the correct spelling was not BRAAK - but even she was convinced by us (me) that it was known as "DIE BRAK".*

I agree with Mike that the correct name today is the Brak, but many of the old people in bygone years referred to this as "die braak", or at least pronounced it with a long "a". My grandfather, John van Wyk, had his first holiday house on the eastern side of the Brak against the krantz, and I remember him saying that the name was because it looked like a piece of unploughed fallow land. My father, Kobus van Wyk, served on the Divisional Council for many years and was also a councillor on the first Stilbaai Village Council, he confirmed the pronunciation of the word as the "braak" from his childhood.

The Brak was originally much lower than it is now, particularly during the equinox high tides in March and September it was often under water – I remember as a child walking in ankle deep water down Osler Street during one Easter holiday. In the late 1950's the Divisional Council started dumping sand that had blown onto the parking area behind the dune at Lappiesbaai on the Brak, and later the construction of Main Road East cut the Brak off from the river completely. Subsequently it was further filled in to prevent the forming of pools of stagnant water where mosquitoes could breed.

#### **Bibliography**

Briel, Rudi. 2002. *Albertinia: 100 jaar: 1902-2002*. Lourette. Erasmus, Carina. 1988. *Die Geskiedenis van Riversdal 1838-1900*. MA History thesis, UNISA.  
Steyn, Helene. 1983. *Still Bay*. [First English Edition, 1996; revised and updated by Helene Steyn and edited by Marie-Lou Roux]. Still Bay Municipality.  
Van Wyk, Frans. 1988. *Riversdal 1838-1988*. National Book Publishers, Cape Town.